# EINDTYE TOT WEDERKOMS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

## Jesus Foretells Destruction of the Temple

**Matthéüs 24:1 En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys.**

**Mat 24:2 En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.**

## Signs of the End of the Age

**Mat 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?**

**Mat 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.**

**Mat 24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.**

**Mat 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.**

**Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.**

**Mat 24:8 Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.**

**Mat 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.**

**Mat 24:10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.**

**Mat 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.**

**Mat 24:12 En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.**

**Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.**

**Mat 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.**

## The Abomination of Desolation

**Mat 24:15 Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet—**

**Mat 24:16 dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug;**

**Mat 24:17 wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie;**

**Mat 24:18 en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie.**

**Mat 24:19 Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae.**

**Mat 24:20 En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.**

**Mat 24:21 Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.**

**Mat 24:22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.**

**Mat 24:23 As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie.**

**Mat 24:24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.**

-o0o-

**Mat 24:25 Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.**

**Mat 24:26 As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn—moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer—moet dit nie glo nie.**

**Mat 24:27 Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.**

**Mat 24:28 Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.**

## The Coming of the Son of Man

**Mat 24:29 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.**

**Mat 24:30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.**

**Mat 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.**

## The Lesson of the Fig Tree

**Mat 24:32 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.**

**Mat 24:33 So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.**

**Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.**

**Mat 24:35 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.**

**Génesis 15:13 Daarop sê Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank.**

**Gen 15:14 Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed.**

**Gen 15:15 Maar jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in goeie ouderdom begrawe word.**

**Gen 15:16 En die vierde geslag sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie.**

**2 Thessalonicense 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf**

**2Th 2:4 die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.**

**2Th 2:5 Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?**

**2Th 2:6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.**

**2Th 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;**

**2Th 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,**

**2Th 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen**

**2Th 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

-o0o-

-o0o-

Ek het belowe dat ek die tye sal uitlê, soos die Here dit vir my gegee het, tot en met die wederkoms van Christus Jesus. Ons lees Matthéüs 24.

**Matthéüs 24:1 En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys.**

**Mat 24:2 En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.**

Dit gaan die oordeel tyd, die val van die hoer wees. Ek sal later daaroor praat.

## 1. MISLEIDING

**Mat 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?**

**Mat 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.**

**Mat 24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.**

Ons hoef dit nie baie vêr te gaan soek in hierdie dae nie, want die waarheid is so skaars. Dit is verstommend hoe die Woord van God verdraai word. Die Bybel word verander en valse godsdiens oorheers hierdie wêreld. Dit is nie eens meer vir ons snaaks nie. Ek wil amper sê dat dit vir ons 'n algemeen geword het.

## 2. WEDERKOMS GEBEURE

**Mat 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.**

Die *oorloë* is ook bekend aan ons, so ons is al klaar in hierdie dinge. Let op, Hy verwys nou na die wederkoms wat *moet plaasvind* en nie na die wegraping nie.
Die wegraping was op hierdie stadium nog nie ter sprake nie. Niemand het geweet van 'n wegraping nie.

- Hy praat van wanneer die wederkoms, volgens Openbaring 19, gaan plaasvind.

**Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.**

Die nasies en koninkryke, wat opstaan teen mekaar, sien ons ook elke dag.

**Mat 24:8 Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.**
**Mat 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.**

Dit is die tyd waarin ons nou is. Hulle haat absoluut die waarheid en hulle probeer dit uitwis. Kyk maar wat gebeur met Israel en hoe die wêreld teen Israel is.

**Mat 24:10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.**

Ons hoef hierdie ook nie vêr te gaan soek nie, want dit gebeur ook in die alledaagse lewe vandag.
**Mat 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.**
**Mat 24:12 En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.**

Liefde is vandag, alles vals. Daar is bitter min ware liefde oor in hierdie wêreld.

**Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.**
**Mat 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.**

Ons kan nou baie duidelik sien hoe die evangelie, via die media, oor die hele wêreld verkondig word. Dit is absoluut verstommend hoe die Moslems, Boeddhiste en al hierdie nasies die evangelie kry en nou tot bekering kom.

**Mat 24:15 Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet—**

Die *gruwel van die verwoesting* is die antichris.

- Lees nou gerus verder oor waar Hy praat van die vervolging van die antichris, wat alles sal plaasvind, en al hierdie dinge. Op hulle vraag van wanneer hierdie dinge sal gebeur, gaan Hy deur al hierdie goed. Hy kom dan by vers 32.

## 3. 'n GESLAG VOLGENS GOD SE RAADSPLAN

**Mat 24:32 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.**

Die *vyeboom* is Israel.

**Mat 24:33 So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.**

Hy praat hier van die wederkoms *dat dit naby is.*

**Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.**

Hy sê, dat wanneer Israel as 'n volk verklaar word, hulle moet besef dat die tyd *naby is*.

- Israel is in 1948 weer as 'n volk verklaar.

Waar Hy praat van *hierdie geslag*, praat Hy nie van die betrokke geslag wat Hy hier besig is om toe te spreek nie.

- Hy verwys hier egter na die geslag van die vyeboom, na Israel wat gaan bot en weer 'n volk sal word.

Om te bepaal hoe lank is 'n geslag, nie in die menslike oog nie, maar in God se oë, verwys ons terug na Génesis 15 verse 13 en 16.

- Onthou God verander nooit nie;.
- By Hom is 'n ding soos wat dit is;
- Dit staan vas.

**Génesis 15:13 Daarop sê Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank.**

Die tydperk wat Hy hier gee is *vierhonderd jaar lank*.

**Gen 15:16 En die vierde geslag sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie.**

Die *vierde geslag* sal terugkom, so 'n geslag in God se oë is 'n honderd jaar.

Ons kyk nou weer na Matthéüs 24 vers 34 waar Hy praat van *hierdie geslag.*
**Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.**

'n Honderd jaar na 1948 gee vir ons die jaar 2048. Dit beteken dat *hierdie dinge* sal gebeur voor 2048. As ons een jaar af trek kry ons 2047 (terwille van benadering), los dit ons met maksimum van 23 jaar oor.

Ons lees dat die verdrukking sal plaasvind in hierdie tyd. Die verdrukking bestaan uit twee tydperke, naamlik: Drie-en-'n-half jaar tydperk van vrede en dan nog 'n tydperk van drie-en-'n-half jaar. Dit gee sewe jaar wanneer die antichris sal regeer. As ons die sewe jaar aftrek van 2047, los dit ons by 2040.

- In 1948 het Israel gebot.
- 'n Honderd jaar later sal dit die jaar 2048 wees.
- 2048 minus 'n jaar, maksimum, gee ons die jaar 2047.
- 2047 minus die sewe jaar verdrukking, gee ons die jaar 2040.

Dit beteken vir ***hierdie dinge*** wat nog moet gebeur tot 2040 het ons net sestien jaar oor (Ten tye van hierdie lesing, Oktober 2024).

Onthou die antichris gaan nie net ontpop soos 'n sampioen nie.

- Hy gaan 'n reeds bestaande wêreld leier wees.
- Hy sal in hierdie tyd van nou af tot en met die vredesverdrag met Israel, regeer of iewers op die aarde wees. Ons weet nie hoe lank hy as wêreld leier gaan regeer nie.
- Hy is reeds daar totdat hy die vredesverdrag gaan teken, na die wegraping.

## 4. ANTICHRIS

Die vredesverdrag sal na die wegraping (rapture) gebeur, want die Bybel is baie duidelik in Thessalonicense, dat die Bruid hom terug hou. Thessalonicense hoofstuk 2 gaan juis oor die wederkoms van Christus en die antichris.

**2 Thessalonicense 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf**

Die *seun van die verderf* is die antichris

**2 Thess. 2:4 die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.**

Hier word van die antichris, die *voorwerp van aanbidding*, gepraat. Die derde tempel, *die tempel van God*, moet nog fisies gebou word.

- Die Jood sal die derde tempel bou, waarin die antichris sal sit en *voorgee dat hy God is*.
- Die Heilige Gees is besig om die geestelike tempel, wat die liggaam, die Bruid is, te bou.

**2 Thess. 2:5 Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?**
**2 Thess. 2:6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.**

-o0o-

Hy praat hier van die openbaring van die antichris. Hy is daar, maar daar is iets *wat hom teëhou*.

**2 Thess. 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;**

Dit *wat hom teëhou* is die Bruid, die liggaam. Hy is reeds daar, maar hy kan nie as die antichris, as die nuwe wêreld leier, funksioneer nie, want die lig, die Bruid, hou hom teë. Dit ***wat hom teëhou*** moet eers uit die weg geruim word.

- Die Bruid moet eers weggeraap word.
- Hierdie wegraping is nog iets wat moet gebeur van nou af tot en met 2040 toe.

Voordat die Bruid geopenbaar word, sal die val van Babilon, die hoer, eers gebeur. Ons sien dit in Openbaring 17 en 19 (soos in die Bruid Konferensie behandel word).

- Die openbaring van die opstanding,
- die volheid van die heidene (gentiles) moet inkom en
- die Jood moet gered word.

Ons weet nie hoe lank dit gaan wees nie. Dit kan binne 'n kwessie van 'n paar weke of dae wees.

- Die seuns van God (man child) moet nog openbaar word.
- Die derde wêreld oorlog, wat nou op die punt staan om te gebeur (Eségiël 39), moet nog plaasvind.

## 5. OP 'N MESPUNT

Sou Israel een aanslag nou op Iran maak, gaan Rusland inspring. As Rusland inspring, gaan Amerika, Engeland en al hierdie lande ook inspring. Dit sal die Eségiël 39 oorlog wees, wat by die groot Eufraat moet gebeur. Gaan lees jou Bybel dan sal jy dit sien. Eufraat is in Iran, so dit moet daar gebeur.

- Die wêreld sal dan begin baar.
- 'n Derde van die wêreld se mense, meer as 2 biljoen mense, sal doodgemaak word in daardie oorlog.

Niks anders as kernwapens sal hulle dood maak nie. As Israel nou Iran se kern aanlegte aanval en op hulle skiet, kan hierdie dinge plaasvind soos in môre of oormôre. Ons is op die drumpel van die voleinding van die Skrifte. Dit sal gebeur!

As gevolg van al hierdie dinge wat gaan gebeur, soos in Mathéüs 24 beskryf word, sal daar hongersnode en so aan, wees. Hierdie goed sal gebeur as gevolg van die oorloë, die kernwapens en soveel lande wat betrokke gaan wees. Europa asook die Midde Ooste gaan basies platgeskiet word. Mense, dit gaan 'n verskriklike storie wees. Die Bybel sê dat dit Israel sewe maande lank sal neem om al hierdie mense te begrawe. Dit gaan verskriklik wees. Hierdie goed moet alles gebeur voor 2040.

- Hierdie goed waarvan ek nou praat moet alles in 16 jaar se tyd, maksimum, gebeur!
    - Dit is van nou af tot en met 2040, maksimum.

## 6. HUIDIGE WÊRELD GEBEURE

Ek wil net dit vir julle sê. Ek het hierdie week inligting uitgestuur waar die Wêreld Gesondheids-organisasies besig is om strukture op te stel, om voorbrand te maak en reg te maak vir die merk van die dier. Dit gaan daaroor dat jy nie meer op hoofweë sal kan ry voordat jy nie by hulle geregistreer is nie. Jy sal niks meer kan koop of enige iets doen voordat jy nie by hulle geregistreer is nie. Daar gaan nie meer mense wees nie, net 'n nommer. Jy gaan net 'n nommer wees.

-o0o-

Ek wil almal net vandag bemoedig. Sodra hierdie dinge inkom, gaan die openbaring van die opstanding ook plaasvind.

- Die Bruid gaan openbaar word,
- sodat die volheid van die heidene (gentiles) kan inkom en
- Benjamin ook kan gered word, volgens Romeine 11.

Ons hoef nie te vrees nie. Gaan kyk op ons webwerf **www.mountzionministries.net**. Daar sal jy die droom kan lees wat ek gehad het oor die val van die hoer. Dit sal my en jou nie affekteer nie. As die Here wil hê ons moet in ons motors klim en 2000 kilometers ry, sal ons karre se petrol nooit opraak nie.

- Dit sal soos die weduwee se kruik wees.
- Jou koskaste sal nooit leeg raak nie, want God voorsien.

Niemand sal dit kan steel nie. As iemand dit steel en hy hardloop by jou deur uit, sal daar niks in sy hande wees nie, want alles behoort aan die Here. As jy een blikkie boeliebief vir iemand gegee het, of ‘n stuk brood vir iemand gegee het, sal daar nog ‘n stuk wees. Dit kan net nie ophou nie, want dit is ‘n onuitputbare bron van voorsiening.

- Dit is dan juis wanneer die mense sal sien dat die Bruid die ware waaragtige draers van die Rema Woord, die ware evangelie, is.
    - Sy gee dit.

Nou gaan ek julle ‘n bietjie skok. Ek het onlangs met iemand gesels wat redelike kontak het met baie hoë mense in die regering, as gevolg van sy werk kontrakte en so aan. Hy het met ‘n paar van die ministers se seuns gepraat. Hulle het juis gepraat oor dokumente wat die Namibiese president nou agteraf gaan teken het, om deel te wees van die Wêreld Gesondheidsorganisasies. Hy het dit nooit na ons parlement toe gevat nie, maar dit op sy eie geteken. Die persoon was redelik ontsteld en ondervra toe vir hierdie mense, wat regerings amptenare is. Van hulle is ook onder andere seuns van die ministers en wat ook kinders van die Here is. Hulle is nie daarmee gelukkig dat die tydelike president (tot met die verkiesing in November), dit gedoen het nie. Hulle sê toe vir die persoon dat die Wêreld Gesondheidsorganisasies beplan om hierdie volledige stelsel in volle werking te hê teen 2032. Dit is agt jaar van nou af.

Hierdie een wêreldstelsel en alles rondom dit wil hulle alreeds implementeer. Of hulle dit gaan reg kry weet ons nie, want dit sal eers in volle werking kom as die antichris daar is. Terwyl die hoer nog nie geval het nie, sal daar nog baie teenkanting wees, maar hulle poog nog steeds om dit in werking te bring.

Wat ons uit al hierdie kan sien, is dat die wêreld weet. Hulle weet dat iets gaan gebeur, maar hulle weet nie wat nie. Hulle probeer, soos satan ook altyd doen. Hy (satan) probeer altyd om voorsorg maatreëls te tref sodat hy in beheer kan wees, maar dit gaan nie werk nie. Hierdie keer gaan dit nie hy wees wat in beheer is nie. Hierdie keer gaan dit wees dat God self, deur Sy liggaam, deur Christus se liggaam op aarde, in beheer gaan wees.

Ek dink ek het julle geseën. Daar is nie meer tyd nie, mense. Daar is net nie meer tyd nie. Ons moet klaar maak met die dinge. Ons moet die tyd uit koop en regtig die Here dien, anders gaan ons dit nie maak nie.

Die Here seën elke oor wat hoor wat die Gees in die gemeente sê.

-o0o-